# DIE GROOT VERSOENDAG
## Opsomming
### Lev. 23:27 – 32, Lev. 16

Daar is 'n lang speling van sowat 4 maande tussen die eerste feeste van die jaar en die laaste 3 feeste van die jaar, waartydens die oes ingesamel moet word.

Geestelik dui dit vir ons op die tydperk van genade waarin ons nou is waartydens mense "afgepluk" en "geoes" moet word vir die Koninkryk van Elohiem.

JaHUsha het gesê dat die lande al "wit is vir die oes" (Joh. 4:35). Dit is nou nog die tyd wat die nasies het om in te kom (Rom. 11:25) in die "Gemeente van Nasies" as Verheerlikte Israel, die Bruid.

Die einde van die oes word ingelui deur die Blaas van 'n basuin op die eerste dag van die sewende maand. Op die tiende dag van die maand volg die Groot Versoendag wanneer hulle hulle moes verootmoedig en 'n vuuroffer bring (Lev. 23:27). Die tyd tussen diè 2 feeste is 'n tyd van introspeksie ("days of awe"), omdat die tiende dag 'n dag van oordeel is … is daar berou en erkentenis van sonde sodat versoening verkry kan word, of is daar nie.

**<u>Sonde en die versoening daarvoor deur bloed</u>**

Israel moes 'n "lig" en 'n "getuie" vir die nasies wees (Luk. 2:32, Jes. 43:9 – 10). Dit was die Almagtige se plan om deur Israel (as Sy uitverkore nasie) se gehoorsaamheid aan Sy gebooie, heidense nasies na Hom toe te trek, weg van hulle afgodery af.

Maar Israel het misluk. Tydens die Groot Versoendag (Yom Kippur) het Israel 10 dae gehad om hulle te bekeer weens hulle ongehoorsaamheid aan JaHUaH se Tien Gebooie. Hulle was dan in vrees en bewing oor hulle sondes wat hulle nou afskei van Elohiem wat afgesonder (heilig) is. Hulle moes hulle harte ondersoek.

JaHUaH het egter voorsiening gemaak om hulle "sondes te bedek", sou hulle berou hê en dit bely (1 Joh. 1:8 – 10). Die voorsiening was via bloed.

> Lev. 17:11 Want die siel van die vlees is in die <u>bloed</u>, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele **VERSOENING TE DOEN**; want die <u>bloed</u> bewerk **versoening** deur die siel.

Daar is dus op Yom Kippur as die Groot Versoendag, versoening vir sonde, naamlik deur die bloed van offerandes.

"Kaphar" is om te bedek. "Yom Kippur" is die "Dag van Bedekking" … die bedekking van hulle sondes. As sonde bedek is, kan daar versoening wees tussen Elohiem en die mens. Die bloed op die deksel van die Verbondsark bedek die sondes wat gemeet word aan die Tien Gebooie wat binne-in die Ark is.

As mens se sondes bedek is, is mens rein en afgesonderd, dan sal mens Elohiem kan "sien" (Matt. 5:8).

Sonde is rebellie teen JaHUaH en daar is niemand regverdig voor Elohiem nie, as gevolg van die sondige natuur wat die mensdom geërf het vanaf Adam en Eva (Rom. 3:10, 23). Ons verbreek gedurigdeur die Tien Gebooie en het nodig dat ons sondes bedek word deur die "yom kippur"-offer, naamlik JaHUsha as "die Lam van Elohiem" wat die sonde van die wêreld eenmalig (Heb. 10:1 – 12) heeltemal **wegneem** (Joh. 1:29) sodat ons afgesonder kan wees, omdat JaHUaH afgesonder is (1 Pet.

1:16, Lev. 11:45). Sonder afsondering (heiligmaking) sal niemand Elohiem **sien** nie (Heb. 12:14). Die Groot Versoendag staan bekend as die "Aangesig tot aangesig" ontmoeting.

In Ex. 19 moes Israel hulle afsonder en reinig vir 2 dae sodat JaHUaH op die 3e dag kon neerdaal na hulle op Sy afgesonderde berg. Dit was direkte kontak. Hulle het Sy stem eerstehands gehoor en was vreesbevange.

Twee duisend jaar (2 dae, 2 Pet. 3:8) is verby sedert JaHUsha se geboorte, dood en opstanding en ons nader nou die 3e dag soos Israel van ouds in Ex. 19, wanneer die basuin gaan blaas (Ex. 19:16) en JaHUsha gaan kom om Sy gereinigde, toegewyde, bloedgewaste verlostes te ontmoet om hulle van aangesig tot aangesig te sien.

Aan die anderkant kom Hy ook om die aarde te oordeel volgens Sy Tien Gebooie/Woorde (Ps. 96:13, Deut. 4:13).

**<u>Die Twee bokke van Lev. 16:7 - 10</u>**

Die een bok was die reiningingsoffer, terwyl die ander bok wat vir Asasel geloot is, simbolies is van hoe die sonde dan "weggeneem" word (dis weggestuur na die woestyn), vergelyk Jes. 53:4 – 6 en Jes. 1:18.

Die twee bokke beeld JaHUsha se versoening uit op die Groot Versoendag.

> Rom. 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van Elohiem,
> Rom. 3:24 en hulle word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Messias JaHUsha is.
> Rom. 3:25 Hom het Elohiem voorgestel **in Sy bloed** <u>as 'n versoening</u> deur die geloof, om Sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van Elohiem
> Rom. 3:26 om Sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en **regverdig maak** wie <u>uit die geloof in JaHUsha is</u>.

**<u>Die Bloedoffer van JaHUsha as Bruilofskleed</u>**

Die Groot Versoendag is dan die dag wanneer die hoëpriester een maal per jaar in die Allerheiligste ingegaan het om vir die hele volk versoening te doen deur bloed op die Verbondsark te sprinkel en van aangesig tot aangesig met JaHUaH te ontmoet as verteenwoordiger van die volk. JaHUsha het dit vervul, vergelyk Heb. 9:11 – 12, 23 - 24, 12:24.

Daar is 'n konneksie tussen JaHUsha wat beproef was en gesterf het tydens die **Pasga** (1) en **Yom Kippur/Die Groot Versoendag** (2)**,** toe JaHUsha opgevaar het na Sy Vader en <u>Sy gestorte bloed as versoening aangebied het</u> in die Hemelse Tabernakel (Joh. 20:17).

Sy versoenende bloedoffer wat die sonde wegneem, word uitgebeeld in die Gelykenis van die Bruilofsmaal in Matt. 22:2 - 14 en Lukas 14:15 – 24 as 'n **Bruilofskleed**. Matt. 22 het 'n ekstra uitbeelding van die man wat nie bruilofskleed aangehad het nie. Die koning het opdrag gegee dat hy uitgegooi word.

Ons het steeds geleentheid om seker te maak of ons deel is van <u>die Verheerlikte Bruid</u> en die regte bruilofskleed aanhet. Dalk het mens nog "vyeblare" aan omdat mens nie JaHUsha as die Geslagte Lam se bloedoffer volkome aanvaar het nie (Gen. 3:7, 21) … by die een oor in en by die ander oor uit.

As priesters (1 Pet. 2:9) saam met ons Groot Hoëpriester in die hemelse tabernakel, moet ons mik vir die **wit priesterlike klere** van Open. 7:9. Klere wat wit gemaak is in die Bloed van die Lam, wat sonder vlek of rimpel moet wees (Ef. 5:27), wat ook die Bruid se Bruilofskleed is (want die Hoëpriester en priesters wat saam opereer, simboliseer ook die Bruidegom en Bruid in die Koninklike Priesterdom, Ex. 19:6, 1 Pet. 2:9).

Net soos wat die koning 'n bruilofskleed vir sy gaste voorsien het en een man dit nie aangehad het nie, net so het JaHUaH "verlossing en geregtigheid <u>deur JaHUsha</u>" as "kleed" vir die Bruid voorsien (Rom. 13:14).

Die Bruilofskleed verteenwoordig dus "Genade" op grond van JaHUsha se bloed, wat **aangebied is** EN ook **aanvaar** moet word, net soos toe die Bruid "**ja**" gesê vir die Verlowingsverbond in Ex. 19:8 ("I do" of dan liewer "we will do"). En gedurigdeur was sy dan haar klere en maak dit wit in die Bloed van die Lam, soos wat dit gekontamineer geraak het deur haar wandel op haar woestynreis hier op aarde.

Sy doen dus gedurigdeur introspeksie, veral in hierdie tydperk vòòr die Groot Versoendag, wat soos 'n "Huweliksdag" is, want Sy gaan eerdaags haar Bruidegom van aangesig tot aangesig sien en "een word met Hom" (At-one-ment) want Hy het opgevaar om plek te gaan berei vir haar in Sy Vader se huis en gaan weer terugkom om haar te kom haal. Sy wil baie graag dan die bruilofskleed van die "mantel van geregtigheid" aanhê op haar bruilofsdag (Jes. 61:10 – 11).

Daarvoor is reeds voorsiening gemaak deur ons Groot Hoëpriester by die Troon van Genade (Mercy Seat) wat in die hemel is (Heb. 4:14 – 16).

Die Troon van Genade was in die Tabernakel se Allerheiligste uitgebeeld deur die Ark van die Verbond se deksel (Mercy Seat) waarop die bloed gesprinkel is. Die Tien Gebooie wat oortree sou wees, was binne-in die Verbondsark. Die oortreding daarvan word dan deur die "lewe wat in die bloed van die offerdier is" **bedek** ("kaphar"). Die bloed van JaHUsha as eenmalige offer bedek nie net ons sondes nie, maar neem dit vir altyd weg (Heb. 10:3 – 4, 14, 17 – 18, 19 – 22).

Vir ons as Gelowiges in JaHUsha is die Groot Versoendag dus baie belangrik, net soos die Pasga ook. Soos wat dit uitgespel is in Lev. 23:26 – 32, is die Nuwe Testamentiese teenpool in Heb. 9:13 - 15.

Die weg vir direkte kontak met Elohiem is finaal vir ons geopen toe die gordyn geskeur het toe JaHUsha Sy laaste asem uitgeblaas het. JaHUsha is nou ons Groot Hoëpriester (Heb. 10:19 – 39) en ook ons Bruidegom, Jes. 61:10 – 11.

Soos die tien maagde (Matt. 25) wag ons nou op ons Bruidegom wat om middernag gaan kom. Al tien het lampe, maar net vyf het as die Verheerlikte Israel/Bruid die **ekstra olie**. Dis gedane sake met fisiese Israel, wat wel 'n lamp het, maar daar is geen ekstra olie nie, nl. die Afgesonderde Gees van Hand. 2. Daar is dus geen pand/ring as bewys van 'n verlowingsverbond nie (2 Kor. 1:22, Ef. 1:13 – 14) en ook geen Bruilofskleed nie.

**<u>Slot</u>**

Die laaste oordeel van die Groot Versoendag gaan kom en mag ons nie soos fisiese Israel dan eendag sê: "Die oes is verby, die somer is ten einde, en ons is nie verlos nie!" *(Jer. 8:20)*

Maar mag ons hoor: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg …" *(Matt. 25:21, 23)*

Want … "My Beminde is myne en ek is Syne …" *(Hooglied 2:6)*

0-0-0-0-0

AndriYaH
September 2023

Sien asseblief ook die volgende toepaslike dokumente:

- DIE GORDYN EN DIE SKEIDSMUUR VAN SONDE

Hoe hou BarAbbas verband met die Groot Versoendag?

- BARABBAS (English)
- BARABBAS (Afrikaans)

Daardie dag toe hulle gesê het "kruisig Hom", dis daardie dag wat die Banier van die Groot Versoendag vir ons gehys is, diè dag wat ook gesimboliseer was deur Nehustan, die Slang op die paal.

- DIE BANIER
- NEHUSTAN, DIE SLANG OP DIE PAAL
- NEHUSHTAN (English)

Die Allerheiligste is die plek waar die "Aangsig tot aangesig" ontmoeting plaasvind.

- DIE AANGESIG VAN JAHUAH

Dan is ons voor die Troon, ten goede of ter veroordeling.

- VOOR DIE TROON

Ons geloof word vooraf getoets.

- DIE GROOT VERSOENDAG EN GELOOFTOETSE

Hoe vier ons die Groot Versoendag in die orde van Melgisèdek?

- DIE GROOT VERSOENDAG IN DIE ORDE VAN MELGISEDEK